GRAAN SA/GRAIN SA
Perspektief
PERSPECTIVE
NUUSBRIEF
NEWSLETTER

KLIK HIER VIR DIE AFRIKAANSE WEERGAWE | CLICK HERE FOR ENGLISH VERSION

**25/01/2013**
**WEEK 4 - 2013**

**In hierdie uitgawe...**

- **Brandstofpryse vir Februarie 2013**
- **Kunsmisprysverwagtinge vir Februarie 2013**
- **Die nuutste inligting rakende dieselkorting-oudits**

## Brandstofpryse vir Februarie 2013

*Petru Fourie (ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

»Volgens die jongste inligting van die Sentrale Energiefonds, kan die petrolprys op 6 Februarie met 27 sent per liter en die dieselprys met 8 sent per liter **STYG**.

Dié verwagte styging is grootliks as gevolg van die olieprys wat vanaf 'n gemiddeld van $109,13 per vat in Desember tot 'n gemiddeld van $114,41 per vat in Januarie tot op datum gestyg het. Die rand het gedurende dieselfde tydperk met 0.7% verswak.

**Terug na bo**

## Kunsmisprysverwagtinge vir Februarie 2013

*Corné Louw (senior ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

**»Internasionale kunsmispryse sal moontlik onder druk wees tot die VSA somerplantseisoen begin**

**»Dalings word in die kort termyn verwag**

Internasionale kunsmisprystendense kan met redelike akkuraatheid gebruik word om veranderings in plaaslike kunsmispryse te voorspel. Vanaf Desember 2012 tot 17 Januarie 2013 is gesien dat internasionale kunsmispryse soos volg verander het:

**Tabel 1: Gemiddelde internasionale kunsmispryse (dollarwaarde).**

| Kunsmis | Desember 2012 dollar/ton | Januarie 2013 dollar/ton | % verandering % |
|---|---|---|---|
| **Ammoniak (Midde-Ooste)** | 690 | 663 | **-3,9%** |
| **Ureum (46) (Oos-Europa)** | 406 | 415 | **+2,2%** |
| **DAP (VSA Golf)** | 478 | 465 | **-2,7%** |
| **Kaliumchloried (CIS)** | 457 | 438 | **-4,2%** |
| **R/$-wisselkoers** | 8,63 | 8,67 | **+0,46%** |

**Tabel 2** toon die internasionale kunsmisprysbewegings in randterme aan. Uit die tabel kan gesien word dat die internasionale pryse van ammoniak, DAP en kaliumchloried met 3,5%, 2,2%, en 3,6% onderskeidelik gedaal het. Die prys van ureum het oor hierdie tydperk met 2,8% gestyg. Sou hierdie tendens vir die res van Januarie aanhou, kan verwag word dat die pryse van die meeste plaaslike kunsmisprodukte in Februarie kan daal. In internasionale markte word verwag dat hierdie tendens kan voortduur totdat die VSA met hul someraanplantings begin (Maart/April).

**Tabel 2: Gemiddelde internasionale kunsmispryse (randwaarde).**

| Kunsmis | Desember 2012 rand/ton | Januarie 2013 rand/ton | % verandering % |
|---|---|---|---|
| **Ammoniak (Midde-Ooste)** | 5 955 | 5 744 | **-3,5%** |
| **Ureum (46) (Oos-Europa)** | 3 501 | 3 598 | **+2,8%** |
| **DAP (VSA Golf)** | 4 121 | 4 032 | **-2,2%** |
| **Kaliumchloried (CIS)** | 3 941 | 3 799 | **-3,6%** |

**Historiese kunsmisprysstatistiek**

**Tabel 3 en 4** dui aan wat met internasionale kunsmispryse in dollar- en randterme oor ‘n jaartydperk gebeur het.

**Tabel 3: Gemiddelde internasionale kunsmispryse (dollarwaarde).**

| Kunsmis | Desember 2011 dollar/ton | Desember 2012 dollar/ton | % verandering % |
|---|---|---|---|
| **Ammoniak (Midde-Ooste)** | 551 | 690 | **+25,2%** |
| **Ureum (46) (Oos-Europa)** | 399 | 406 | **+1,8%** |
| **DAP (VSA Golf)** | 582 | 478 | **-17,9%** |
| **Kaliumchloried (CIS)** | 486 | 457 | **-6,0%** |
| **R/$-wisselkoers** | 8,199 | 8,630 | **+5,3%** |

**Tabel 4: Gemiddelde internasionale kunsmispryse (randwaarde).**

| Kunsmis | Desember 2011 rand/ton | Desember 2012 rand/ton | % verandering % |
|---|---|---|---|
| **Ammoniak (Midde-Ooste)** | 4 514 | 5 955 | **+31,9%** |
| **Ureum (46) (Oos-Europa)** | 3 269 | 3 501 | **+7,1%** |
| **DAP (VSA Golf)** | 4 771 | 4 121 | **-13,6%** |
| **Kaliumchloried (CIS)** | 3 985 | 3 941 | **-1,1%** |

**Tabel 5** toon aan wat oor ‘n jaartydperk met plaaslike kunsmispryse gebeur het.

**Tabel 5: Gemiddelde plaaslike kunsmispryse.**

| Kunsmis | Januarie 2012 rand/ton | Januarie 2013 rand/ton | % verandering % |
|---|---|---|---|
| **KAN (28)** | 5 064 | 5 177 | **+2,2%** |
| **Ureum (46)** | 6 609 | 6 199 | **-6,2%** |
| **MAP** | 7 760 | 7 908 | **+1,9%** |
| **Kaliumchloried** | 6 804 | 7 036 | **+3,4%** |

**Terug na bo**

## Die nuutste inligting rakende dieselkorting-oudits

*Corné Louw (senior ekonoom: Bedryfsdienste, Graan SA)*

»Sedert die einde van 2011 het Graan SA en Agri SA ervaar dat baie van ons lede deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) geoudit is en wanneer hulle nie bewys kon lewer per logboek van hul dieselgebruik nie, het SAID twee jaar se dieselkorting-eise vanaf produsente teruggeëis.

Graan SA en Agri SA is steeds op die hoogste vlak besig om hierdie vereiste van logboeke met SAID te beredeneer. Die jongste terugvoer van SAID is dat daar moontlik intern aan ‘n wedersyds aanvaarbare oplossing vir die verlede gewerk word.

Dit word tans deur SAID gefinaliseer waarna dit aan Tesourie vir goedkeuring voorgelê moet word. Die detail van die oplossing is nog nie duidelik nie.

**Dit is uiters belangrik dat ‘n logboek gehou word van hoe diesel gebruik en aangewend word om vir die dieselkorting te kwalifiseer.** Tipiese inligting wat in so ‘n logboek vervat moet word, is die volgende:

- Datum wat diesel ingegooi is
- Hoeveelheid liter in die voertuig gegooi
- ‘n Duidelike beskrywing of identifikasie van die voertuig
- Die doel waarvoor die voertuig aangewend word

Graan SA wil weereens ‘n beroep op alle landbouprodusente doen om die vereistes verbonde aan die dieselkorting, slaafs na te volg en ten alle tye die sisteem te beskerm teen onwettige bedrywighede. Die nuutste dieselkortingverwysingsgids kan by die volgende skakel afgelaai word: ***http://www.grainsanews.co.za/EN/2013/Week_4/67169_VAT.html***

Vir lede van Graan SA wat geoudit word, is ‘n hulptoonbank op die been gebring om vrae te beantwoord aangaande die regte prosedures wat gevolg moet word asook om moontlike onsekerhede uit te klaar. Jou Graan SA-lidmaatskapnommer word benodig om van hierdie diens gebruik te maak. Vir meer besonderhede, skakel gerus met Soné Becker by MALAN SCHOLES Prokureurs by *SBecker@malanscholes.co.za* of by (011) 684-2500 of met Corné Louw by Graan SA: *corne@grainsa.co.za* of 08600 47246.

**Terug na bo**

GRAAN SA • GRAIN SA
Posbus 74087 • PO Box 74087
Lynnwood Ridge 0040,
Suid-Afrika • South Africa
+27 (012) 807-6023 +27 (012) 807-3166
www.grainsa.co.za

Subskripsie-navrae/Subscription enquiries: philip@grainsa.co.za

GRAIN SA
GRAAN SA